

3 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 10 en 11

Goddelose mense se lewe is betekenisloos en loop uit op die dood

Die doel van Kronieke is nie om die volledige koningsgeskiedenis te vertel nie. Die boek wil ook nie bloot die gegewens van die boeke Samuel en Konings dupliseer nie. Kronieke is Godsopenbaring wat na die ballingskap 'n bepaalde boodskap aan die volk wil oordra. Vir hierdie doel selekteer die kronis gegewens uit die geskiedenis en lewer kommentaar daarop.

Oor die regering van Saul, die eerste koning van Israel, sê Kronieke niks nie. Slegs die dood van koning Saul word beskryf. Die kommentaar van 1 Kronieke 10:13 en 14 is dat hy gesterf het omdat Hy aan God ongehoorsaam was en ver van Hom geleef het. Selfs al word beskryf hoe Saul sy eie lewe geneem het, stel Kronieke dat dit God is wat Saul omgebring het.

Kronieke gaan nog verder in sy kommentaar op Saul se lewe. Nie alleen het Saul se lewe in oneer geëindig nie, sy lewe self was ook betekenisloos. Volgens 1 Kronieke 11:2 het die volk erken dat Dawid selfs in Saul se regeringstyd die eintlike leier van die volk was.

So word die eerste koning van Israel onthou as iemand wat nooit werklik in beheer was nie en wat liever sy eie lewe geneem het as om sy volk tot die bitter einde teen die vyand te lei.

Daarteenoor word Dawid onthou as die held wat as kragtige aanvoerder in die naam van die Here die volk na oorwinning gelei het.

Voor God word al ons menslike prestasies vergeet as ons dit sonder Hom gedoen het. 'n Lewe sonder God is slegs 'n gejaag na wind. Die ware sukses behoort aan diegene wat naby aan die Here leef.

Sing: Psalm 127:1 ,2

Ds HB Hattingh (Warmbad)